# FAKULTEITSHANDVES

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch erken, berou en vra opreg om verskoning vir ons aandadigheid aan die ongeregtighede in Suid-Afrika se verlede, en erken ook dat hierdie ongeregtighede vandag nog onbillikhede laat voortduur. Ons verafsku alle vorme van onbillike diskriminasie, uitbuiting, onderdrukking, intimidasie en afknouery.

**Ons verbind ons as Fakulteit tot die volgende:**

- *om diversiteit in alle vorme op ons kampusse te* ***vier****; dit sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie: vermoë, seksualiteit, gender, afkoms, taal, ras, kultuur en geloofsgroep;*
- *om te* ***verseker*** *dat alle individue op ons kampusse voel dat hulle daar tuishoort;*
- *om bemagtigende omgewings te* ***kweek*** *waarin alle individue hulleself vrylik kan uitdruk en terselfdertyd ander se regte en vryhede in ag neem en respekteer;*
- *om 'n omgewing te* ***bevorder*** *waarin elkeen kan leer, werk en floreer, om sodoende alle individue in staat te stel om hulle volle potensiaal te verwesenlik en in aktiewe landsburgers te ontwikkel;*
- *om leer-, onderrig-, werks- en navorsingsomgewings te* ***koester*** *waarin ons al ons belanghebbendes met waardigheid, agting, billikheid en deursigtigheid benader; en*
- *om al ons belanghebbendes se menseregte te* ***beskerm*** *en daarna te streef om 'n opbouende impak te hê op die gemeenskappe in wie se diens ons staan.*

## Studente

- *Ons bevorder onderlinge respek tussen ons studente, personeel en ander belanghebbendes.*
- *Ons streef daarna om ons studente die ondersteuning te gee en met die vaardighede toe te rus wat hulle benodig om hulle volle potensiaal as bevoegde, deernisvolle en eties verantwoordelike professionele gesondheidsorgwerkers en wetenskaplikes te bereik.*

## Kollegas

- *Ons onderneem om diegene saam met wie ons werk met die hoogste respek, waardigheid en billikheid te hanteer.*
- *Ons sal enige verskille vriendskaplik probeer oplos by wyse van selfondersoekende, kultureel bewuste en betekenisvolle gesprek.*

## Pasiënte

- *Ons sal al ons pasiënte met deernis, billikheid, waardigheid en respek behandel.*
- *Ons verbind ons tot die hoogste etiese standaarde moontlik in ons omgang met pasiënte.*
- *Ons beloof om kampvegters vir ons pasiënte se regte en welstand te wees.*

## Gemeenskappe

- *Ons neem die geleefde ervarings van die gemeenskappe in wie se diens ons staan in ag en heg waarde aan gemeenskappe se insette oor die toepaslikheid en gepastheid van ons kurrikula en ons betrokkenheid by hulle.*
- *Ons sal gemeenskappe altyd met respek behandel as vennote in die bevegting van ongelyke gesondheids- en sosiale omstandighede.*

## Navorsing

- *Ons bevorder navorsing wat eties, toeganklik en tersaaklik vir ons konteks is.*
- *Ons onderneem navorsing wat daarop gerig is om deelnemers en gemeenskappe tot voordeel te strek.*
- *In ons strewe na akademiese uitnemendheid geniet die welsyn van deelnemers in ons navorsingsprojekte altyd voorkeur bo wetenskaplike oorwegings.*

## Omgewing

- *Ons beskou ons natuurlike omgewing as kosbaar en kwesbaar, en verbind ons dus daartoe om die volhoubaarheid daarvan te beskerm en om strategieë in te stel wat verdere aftakeling sover moontlik sal beperk.*

Ons beskou hierdie handves as 'n plegtige onderneming deur die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan almal wat 'n belang in ons het. Ons besef dat hierdie handves aspirerend is en dat ons, die lede van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, individueel sowel as kollektief die verantwoordelikheid dra om hierdie belofte 'n werklikheid te maak. Ons sal voortgaan om transformasie te bewerkstellig met die oogmerk om hierdie handves uit te leef in 'n gees van nederigheid en hoop, en ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.